

# altyd vorentoe

Kate Moodley, konsessiedirekteur by Discovery, mag jonk wees - maar sy leef die wêreld aan die brand, skryf Mariette Snyman

## DITSEM

**Kate Moodley is 'n vrou wat bewéég. "Jy sal my nie sommer betrap dat ek rondhang nie," spot sy. Maar Kate beweeg doelgerig en met grasie, tot voordeel van ander en haarself. En dit dra vrug. Onder haar talle toekennings tel dié van Sakevrou van die Jaar en die Top Women Executive-toekenning van Topco Media.**

Haar indrukwekkende loopbaangeskiedenis ten spyt, straal Kate warmte uit. Die lewe gryp haar aan. Haar werk, die bemagtiging van vroue, haar mense, reis, avontuuraktiwiteite en soveel dinge laat haar oë blink. En in die besonder haar eerste boek wat vroeg vanjaar verskyn het, *I Inc: Be The CEO Of Your Brand* (Kairos Publishing, 2012).

"Ek wou my lewe lank 'n boek skryf. Toe beland ek op 'n plek waar ek nie kon besluit of ek 'n entrepreneur of 'n korporatiewe mens is nie. Uiteindelik het ek besef as ek 'n kragtige, persoonlike handelsmerk het, maak dit nie saak nie. My boek handel oor hoe mense hulself ten beste kan posisioneer deur byvoorbeeld die sosiale media te gebruik. Dis nie 'n oppervlakkige oefening nie. Die kern van 'n invloedryke persoonlike handelsmerk is juis outentiekheid, om te weet en te wees wie jy is. As jy en jou waardes nie inpas by die firma waar jy werk nie, is dit 'n teken dat dit tyd is om aan te skuif."

Kate geniet die finansiële wêreld maar reken vroue is dikwels huiwerig om deel te neem. Hulle skram weg van onderwerpe soos 'n testament en besparing vir aftrede. Dalk daarom dat Kate soveel energie in bemagtigingsinisiatiewe vir vroue belê. Sy befonds 'n beursprojek vir haar administratiewe personeel – almal vroue – sodat hulle hulle beter kan bekwaam. Daarby het sy in samewerking met Discovery en Chabad House "Discover Yourself" begin: weeklikse werkwinkels wat vroue toegang tot kundiges, mentors, netwerk- en werkskeppingsgeleenthede gee. "Dis oop vir die publiek en ons het al meer as twee duisend vroue bereik. Die klem val op finansiële, spirituele en fisieke welsyn."

Kry sy die balans in haar eie lewe gehandhaaf? "Ek moes ongeveer vyf jaar terug as deel van 'n spanbou-oefening teen Tafelberg oploop. Ek was so onfiks dat ek gedink het ek sou daar en dan 'n hartaanval kry! Dit het my kop geswaai. Deesdae is ek 'n gimfanatikus."

Hoe belangrik is geld vir haar? "My finansies is gesond - ek moet tog toepas wat ek predik! Maar geld is nie my dryfkrag nie; ek werk omdat ek dit geniet. Ek glo as jy die regte dinge doen, volg die geld vanself. Ek is konserwatief ten opsigte van finansies, behalwe wanneer ek reis!"

Toekomsplanne? "Ek en my man, Appanna Ganapathy, sou graag een of ander tyd met 'n gesin wou begin. Intussen probeer ek elke drie maande 'n nuwe vaardigheid aanleer. Op die oomblik loop ek 'n kursus in radio- en TV-aanbieding. Ek droom van my eie *talk show* op TV. Ons sal sien ... "

Inderdaad. Dié vrou wat ewe passievol is oor haar werk, haar bemagtigingsprojekte en adrenalienaktiwiteite soos motorfiets ry, skubaduik en vryval, sal vir seker met iets onverwags vorendag kom. Tien teen een teen topspoed.

### Verbind jou tot ...

- **Uitmuntendheid.** Nie net omdat jy sekere uitkomste wil bereik nie, maar omdat dit die moeite werd is om só te leef.
- **'n Gesonde waardestelsel.** Integriteit, eerlikheid en die bewustelike hantering van mense.
- **Goeie naskoolse opleiding.** Dit maak deure oop en verseker sukses.
- **Balans.** Besluit wat vir jou belangrik is, en fokus daarop. Beskou alle situasies as saketransaksies en vra jou af hoe jou betrokkenheid daarby waarde tot jou lewe kan voeg.
- **Vervuldheid.** Maak nie saak of dit 'n groot of klein projek is nie, solank dit vir jou vreugde gee.

FOTO VERSKAF DEUR KATE MOODLEY